

NG Kerk Vier Ankers se
Uitgawe 22
Laat Somer 2019 - Herfs 2020

# Ankerglans gesels met ... Jeanetta Botha



Die plekkie Chivhu, in Zimbabwe, was vroeër Enkeldoring. Enkeldoring was die naaste winkel aan Jeanetta se groot word plaas. Haar pa het geboer in die Featherstone distrik. Sy is in murg en lyf 'n boeremeisie. Sy het vele male die vee te perd gaan haal. Enjins en trekkers het sy geken. Soos enige plaaskind het die skooltoe-gaan-ding inbreuk gemaak op die plaaslewe. Sy is Roosevelt High School toe in Salisbury – koshuis toe. Net een maal 'n kwartaal kan die koshuiskinders huis toe gaan – grond toe. Enkeldoring het 'n NG Gemeente gehad. Sy ontmoet vir Vic en trou in 1963 met hom, juis in haar kerk op Enkeldoring. Hulle sit huis op in Harare.


Die onluste broei in Zimbabwe. Hulle word ook teikens van die onstuimige omstandighede. Niemand is meer van hul bedreigde lewens seker nie. Die vrees vreet ook aan hulle. Hulle bid, hulle word gelei om Zimbabwe te verlaat. Die dag van 23 Maart 1980 groet hulle hul geliefdes en ry met hul besittings en al oor die grens na 'n nuwe lewe in Suid-Afrika. Die afskeid was baie swaar, sy onthou nog hoe Vic se ma vir hulle gewaai het en hoe hulle agter die bult wegraak, Suid-Afrika toe. Suid-Afrika 'n nuwe, maar tog die vreemde onsekere toekoms in. Wat vat jy en wat los jy agter? Gelukkig het hulle, hulle teelpaar honde saamgebring Suid-Afrika toe. Elke klein hondjie wat aangekom het, het die broodnodige skaars inkomste aangevul.

Vic doen aansoek by SASOL en kry werk as aankoper. Hulle kom vestig hulle op Sasolburg. Jeanetta kry werk by die personeelafdeling. Dr Sakkie de Villiers, haar nuwe baas, neem hulle onder sy vlerk. Hulle word lidmate van Noord Gemeente.

Die bosveld en dierelewe bly ingeprent in hulle bestaan. 'n Geleentheid om in die Krugerwildtuin te gaan werk, gryp hulle met beide hande. Vir 5 jaar bestuur hulle verskeie kampe. Sy en Vic geniet die soort lewe. Die gewildheid van die Krugerkampe eis sy tol, kampe word klein dorpies. Hulle besluit om terug te keer na Sasolburg. Hulle is terug by hul gemeente hier by 4 Ankers.

Sy getuig dat hulle geloof en vertroue op die Here altyd hul anker was. In tye van voorspoed en teenspoed vertrou hulle op die Here - ***so moet ons as 4 Anker Gemeente ook wees -.***

Vic se afsterwe is vir haar 'n groot verlies, maar sy weet die Here sluimer of slaap nie – nie toe nie en ook nie nou nie. Dit is juis vir ons, as Christene, om te leer, uit haar lewenservaring, waarom die Bybel ons maan om nie alleen op prinse en konings te vertrou nie, maar dat ons lewensbootjies in Jesus geanker moet wees – soos hier by N G Gemeente 4-Ankers.



Vic en Jeanetta in hul jongdae.



Vic en Jeanetta in hul Krugerwildtuin dae.